Hoe sebra sy strepe gekry het

Lank, lank gelede was
alle sebras wit.



Eendag is mnr. en mev. Sebra op pad na 'n partytjie. Hulle wil graag baie spesiaal lyk, daarom verf hulle mekaar met helder kleure.



Hulle kyk na mekaar. "Dit lyk nie baie mooi nie," sê mev. Sebra. Mnr. Sebra stem saam.

Mev. Sebra besluit toe om haar bors swart te verf, en mnr. Sebra verf sy agterlyf swart.



Hulle is nog nie tevrede met hoe hulle lyk nie. Hulle was die verf af, en besluit om hulleself vol swart strepe te verf.

Hulle kyk weer na mekaar en besluit dat hulle baie van die strepe hou.

"Nou lyk ons mooi," sê hulle vir mekaar.

Baie tevrede en trots gaan hulle toe partytjie toe.

Toe mnr. en mev. Sebra by die partytjie aankom, is al die ander diere verbaas oor hulle strepe.

"Julle lyk oulik," sê die olifant.

"Julle lyk fraai," sê die seekoei.

"Julle lyk pragtig," sê die renoster.

"Baie dankie," antwoord mnr. en mev. Sebra. "Ons hou ook van ons strepe!"



Almal by die partytjie
hou baie van mnr. en
mev. Sebra se strepe.

Mev. Kameelperd sê vir
mev. Sebra dat die strepe
haar regtig goed pas.

Selfs koning Leeu sê vir
hulle hoe mooi hulle lyk.





Koning Leeu stel toe voor dat al die sebras hulleself vol swart strepe moet verf. Omdat hy die koning is, maak al die sebras toe so.

'n Paar dae later gaan die sebras rivier toe om hulle strepe af te was, maar hulle kry dit nie reg nie.

Hulle besef toe dat die son die strepe in hulle velle ingebrand het.

Tot vandag toe kan die sebras nog steeds nie hulle strepe afkry nie.

Dit is waarom al die sebras nou swart strepe het!

Ware skoonheid kom van binne!



Al die Sebras is Plesierig

Al die sebras is plesierig
dit kan jy my glo,
Hulle hou van partytjies
en dan maak hulle so:
Eers draai die ou vroutjie
en dan draai haar ou man,
En hy vat haar om haar lyfie
en dan draai hulle saam.

Goeienag, my ou vroutjie,
goeienag, my ou man!
Oor 'n week 'n partytjie, en
dan draai ons weer saam.

Onderwysersnota:
Sing die liedjie op die wysie van Afrikaners is Plesierig.



- Elke sebra het sy eie patroon van swart strepe.
- Sebras het lang sterte (50 cm).
- Sebras staan en slaap.
- Sebras eet gras.

Sebra-oorgange vir voetgangers het die sebra se naam gekry omdat die oorgang swart en wit strepe het.

Die sebra is familie van die perd en die donkie.

Groepleesaktiwiteite

1

Lees hierdie sinne saam met jou maat. Lees hulle daarna in die korrekte volgorde.

a. Al die sebras verf hulleself toe vol strepe.
b. Koning Leeu sê ook dat hulle mooi lyk.
c. Mnr. en mev. Sebra verf hulleself eers met helder kleure en daarna met swart strepe.
d. Die son het die strepe in hulle velle ingebrand, toe kan hulle dit nie afwas nie.
e. Mnr. en mev. Sebra wil mooi lyk vir die partytjie.
f. Al die diere hou van hulle strepe.
g. Dit is waarom sebras vandag swart strepe het.

2 Voer 'n rolspel oor die storie op.

3 Lees die vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wie is die hoofkarakters in die storie?
c. Wat doen hulle om hulleself mooi te maak?
d. Wat dink die ander diere van die strepe?
e. Het jy die storie geniet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

4 Kopieer die tabel in jou klaswerkboek.

a. Soek in die storie woorde met die volgende beginklanke en skryf dit in jou klaswerkboek.

sp-	st-	sw-
pr-	kr-	gr-

b. Soek twee woorde in die storie wat dieselfde as "mooi" beteken en skryf dit neer.

c. Soek in die storie 'n sin met 'n komma (,) 'n sin met 'n punt (.) en 'n sin met 'n uitroepteken (!). Skryf die drie sinne in jou klaswerkboek.

5 Skryf die storie in jou eie woorde oor. Skryf 'n paragraaf met minstens vyf sinne.